

INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

TOEGANG TOT BIBLIOTEEK E-BRONNE VERANDER BINNEKORT

Tot op hede word gratis Internet toegang tot die US Biblioteekdiens se subskripsie gebaseerde elektroniese bronne deur 'n verstelling in die gebruiker se webleser bewerkstellig.

Hierdie verstelling, bekend as die PAC lêer, bevat 'n lys van al die elektroniese bronne waartoe die Biblioteekdiens gratis Internet toegang verskaf. Dit behels hoofsaaklik agente- en subskripsie e-bronne, alhoewel daar in spesiale gevalle al aan departemente vergunning gegee was om ander vakspesifieke e-bronne ook so gratis toeganklik te maak. Weens die voortgesette afname in Internet kostes word hierdie vergunning vanaf 1 Julie 2012 gestaak.

Met die toename in e-bronne op die Internet, asook die onlangse opgradering van die kampus vuurmuur ("firewall") en SANReN koppeling, is die webleser verstelling nie meer 'n praktiese metode om gratis Internet toegang te bewerkstellig nie. Voortaan sal gratis toegang tot e-bronne vir gebruikers slegs beskikbaar wees deur die [Biblioteekdiens se webtuiste](#). Gebruikers kan nuwe plekhouders ("bookmarks") in hul weblesers skep vanaf die Biblioteek se e-databasis lys, indien hulle nog steeds op so 'n wyse toegang wil verkry.

Hierdie reëling geld vir tafel- en skootrekenaars, hetsy op of af van kampus. Gebruikers hoef dus van ingang Julie 2012 nie meer hul skootrekenaars se webleser konfigurasie te verander na mate hulle tussen die huis en kantooromgewing werk nie.

Die gebruik van Inetkey is egter ten alle tye nodig vir toegang tot die Biblioteekdiens se e-bronne vanaf die kampusnetwerk.

Hierdie verandering tree in werking vanaf 1 Julie 2012.

Artikel verskaf deur Wouter Klapwijk, Informatietegnologie, Biblioteek- en Inligtingsdienste

Posted in: Algemeen, Internet, Navorsing | Tagged: E-bronne, Vuurmuur, Biblioteek, SANReN, US Library Services | With 0 comments

